

klein lappies, groot trefkrag

Hardanger-werk is pragtig, en of jy bedrewe daarmee is of nie, een van dié patrone sal in jou kraal pas. Kies tussen vyf pragstukke – daar is maklikes en party vereis 'n bietjie ervaring. Deur Riana van der Merwe



Kies een – of almal! – en spring aan die werk. Die klein lappies is gou-gou klaar en lyk pragtig. Jy kan jou tafel daarmee tooi, dit op 'n kussing vaswerk, raam of net vir die mooi uitstal.

ALGEMENE AANWY- SINGS EN WENKE

- Gebruik wit Hardanger-stof met 9 dubbel geweefde drade per cm oorlangs en dwars.
- Gebruik wit pêrelkatoen – eerder as stringkatoengare – dit is makliker om netjiese resultate daarmee te verkry.
- Werk omranding in satynsteek en dan met lusrandsteek. *Aanwysings en sketse elders op hierdie bladsy en op bl. 118.*
- Maak voltooide lap klam en plaas onderstebo op handdoek. Pars liggies en laat lê om koud en droog te word.
- Diagramme toon net kwart van ontwerp. Draai diagram sô dat kwart waaraan jy werk en diagram ooreenstem.
- Merk middel van lap met rygdrade voor jy begin. Gebruik ligte kleur sodat dit jou werk nie vlek nie.
- Span jou werk in borduurraam met beskerm lap. So sal jou steke ewe groot en styf wees en jou borduurwerk skoon bly.
- Gaan klosterblokkies na voor jy knip.
- Werk altyd Madeira-sterre voor jy drade knip.
- Lusrand kan deur kombesteekrand vervang word – dit is makliker om te werk, maar nie so stewig soos lusrand nie.

1. VIERKANTIGE LAP MET RUITMOTIEF (baie maklik) Diagram op bl. 118.

MATE

Sowat 19 x 19 cm.

JY HET NODIG

Hardanger-stof: stuk van 25 x 25 cm; wit pêrelkatoen nr. 5 en nr. 8.

MAAK SÓ

Werk eers middelste ruitmotief se satynsteke, dan klosterblokkies en skuins strepe, alles met nr. 5-gare. Knip middelste deel van klosterblokkies versigtig teen steke weg. Werk rand van lap af.

2. TAFELLAP MET PÊ- RELS

(ingewikkeld)

MATE

Sowat 20 x 20 cm.

BENODIGDHEDE

Hardanger-stof: 30 x 30 cm; wit pêrelkatoen nr. 5 en nr. 8; 120 klein pêrelkraeltjies.

MAAK SÓ

Werk rand van Hardanger-stof af met omkapmasjien of sigsagstiksel sodat dit nie uitrafel nie. Begin deur satynsteke van omranding te werk en dan lusrandsteke. Werk klosterblokkies, saamtregblokkies en sterre volgens diagram. Knip drade reghoekig met klosterblokkies en verwyder drade. Weef balkies soos aangedui, werk pêreltjies vas en maak Hardanger-blommetjies. Knip oortollige lap om rand van lap versigtig weg met borduurskêr.

3. VIERKANTIGE LAP MET KRUISMOTIEF

(maklik)

MATE

Sowat 19 x 19 cm.

JY HET NODIG

Hardanger-stof: 25 x 25 cm; wit pêrelkatoen nr. 5 en nr. 8.

MAAK SÓ

Begin in middel werk. Gebruik nr. 5-gare vir satynsteke – klosterblokkies en rand – en nr. 8-gare vir alle ander steke. Volg diagram om kruismotief in saamtregblokkies te werk.

Knip drade in klosterblokkies en verwyder. Weef balkies en werk picots waar aangedui. Maak Hardanger-blommetjie in middel. Knip lap teenaan omranding af.

4. KRUISVORMIGE LAP

(maklik)

MATE

Lap is 22 x 22 cm.

JY HET NODIG

Hardanger-stof: 30 x 30 cm; wit pêrelkatoen nr. 5 en nr. 8.

MAAK SÓ

Begin in middel werk. Werk satynsteke van klosterblokkies en omranding met nr. 5-gare en res met nr. 8. Werk klosterblokkies en omranding. Knip drade tussen klosterblokkies versigtig en verwyder. Weef balkies en maak picots waar aangedui. Knip lap teen omranding af.

5. AGTHOEKIGE LAP

(taamlik ingewikkeld)

MATE

Lap is 16 x 16 cm.

JY HET NODIG

Hardanger-stof: 20 x 20 cm; wit


pêrelkatoen nr. 5 en nr. 8.

MAAK SÓ


Begin in middel werk. Maak Madeira-steke en dan satynsteke van klosterblokkies en omranding. Knip drade en verwyder. Weef balkies en maak Hardanger-blommetjies. Werk lussteek-omranding. Knip lap teenaan lussteke af.

WENKE EN ALGEMENE AANWYSINGS


KLOSTERBLOKKIES EN GROEPE SATYNSTEEK




1. Begin met paar reguit steke. Werk satynsteke sô dat steke reguit op voorkant is.




2. Satynsteke aan verkeerde kant lê skeef.




3. Begin klosterblokkies soos vir groep satynsteke, maar bring naald by laaste steke by basis van steek uit.



4. Basis van volgende steek, wat loodreg op vorige groep steke lê, is in dieselfde gaatjie.




5. Om die volgende hoek te vorm, steek naald weer deur dieselfde gaatjie om tweede steek te begin.




6. Steke lê skeef op verkeerde kant van werk.

MADEIRA-STECK



Werk satynsteke in die rondte – alle steke se basis lê in dieselfde gaatjie. Buiteland vorm vierkant. Madeira-steek kan oor 2 of 4 drade gewerk word. As daar 2 drade gewerk is, is daar steek in elke gaatjie op buiterand. Oor 4 drade gewerk word elke 2e gaatjie oopgelaat. Trek steke styf sodat gaatjie in middel verkry word.

GEWEEFDE BALKIE



Let wel: Weens gebrek aan ruimte kan die diagramme vir al die lappies ongelukkig nie in dié uitgawe geplaas word nie, maar jy kan dit teen R2,50 bestel. Stuur 'n posorder of tjek, uitgeskryf aan ROOI ROSE, aan ROOI ROSE, Handwerkkafdeling, Hardangerpatroonroonvel, Posbus 2595, Johannesburg, 2000.